

15 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-21
Fokusgedeelte: Efesiërs 1:16-20

Here, laat ons U só ken dat ons kan weet hoe groot die krag is wat U in ons uitoefen

Ons bid saam met Paulus:

“Ons loof U as ons God en Vader wat Uself aan ons bekend kom maak het. Ons kan u wonderlike sorg in die skepping en in ons daaglikse behoeftes sien. Maar U het u hart aan ons bekend gemaak deur u Seun, ons Here Jesus Christus, aan ons te gee. Nou weet ons wat dit is om U te ken. Ons vra dat ons deur dankbare werke in ons lewe die krag van Christus sal ken. Dankie vir groei wat ons beleef in ons verlange om volgens u wil te leef. Dat ons in die kleinste daad van liefde en versoening, gesindheid van vrede, vreugde, geduld, vriendelikheid, goedhartigheid, getrouheid, nederigheid en selfbeheersing, iets van u grootheid kan ervaar.

Vergeef ons waar ons dit gebruik om vir onsself te probeer naam maak. Waar ons U in ons belydenisskrifte en kerkorde wil neerskryf, maar ons streef nie daarna om dit fondamentstene van ons eie lewe te maak nie. Ons pleit dat U deur u Heilige Gees ons so sal lei dat almal met wie ons in kontak kom, sal sien: Christus is vir ons alles.

Gee dat ons sal toeneem in kennis van U. Dat ons gretig sal wees om u wil beter te leer ken. Dankie dat ons deur vreugde van volharding wat ons uitstraal, die opstandingskrag van Christus kan verkondig aan die wêreld. Deur u wil so te soek en te vind en te doen, Here, plaas ons onsself daagliks in die kragveld van u Gees en beleef ons self u krag in ons lewe. Daarom sluit ons ons gebed saam met Paulus af deur U te dank. Dankie vir u teenwoordigheid in ons oomblikke van swakheid en verdriet, van voorspoed en teëspoed. Ons dank U dat U ons geskik gemaak het om te deel in die ervenis van ons Here Jesus Christus. Daarom weet ons nou dat, al gaan dit hoe sleg met ons, ons kan weet vir diegene wat U liefhet, werk alles ten goede mee. Ja, die Goeie Herder, Jesus Christus, het my lief. Hy het vir my gesterf, sodat ek u wil kan doen. In sy Naam dank ons U. Amen.”

Sing: Skrifberyming 10-2

Dr. ME Schalekamp (Roodepoort)